

20 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 12:7-13:27

Fokusgedeelte: Jeremia 12:7-17

Jeremia pleit, maar God is moeg om genade te betoon

Die dienskneg van die Here pleit vir die volk om genade, maar God is moeg om vir hulle genade en vergifnis te skenk (Jer 15:6). Jeremia ken die volk se ellende en beroep hom selfs op God se verbond om die straf oor die volk af te wend, maar God weier. Hy noem die valse profesieë, naamlik dat daar geen swaard of hongersnood sal wees nie, as rede vir die onbekeerlikheid van die volk. Hulle dink: God kan hulle tog nie vir die valse profesieë straf nie. God spreek 'n oordeel oor die valse profete uit, maar weier om aan die volk genade te betoon. In verse 15–18 neem Jeremia se gebed 'n nuwe wending. Hy bid nou vir homself en vra dat hy tog maar kan oorleef, miskien kan hy die volk tog oorreed om terug te keer. Vanaf vers 19 maak God sy genade aan sy dienskneg bekend en sê dat hy sal lewe. Indien die volk self terugkeer is daar vir hulle ook genade, maar hy mag nie verder na hulle gaan nie. Vir die gehoorsame dienskneg van die Here is daar wel genade en troos. Die Here sal hom teen die volk wat hom wil doodmaak beskerm en hom uit die hand van die goddeloses red. Vir hulle wat volhard in die uitvoering van hul dienswerk in die koninkryk van God sal daar oorvloedige genade wees.

Sing: Psalm 119:13

Ds DL de Beer (Emeritus)